| | |
|---|---|
| Verslagwaardig: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# IN THE HIGH COURT OF SOUTH AFRICA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

Saakno: / Case number: **CA&R 135/03**
Datum verhoor: / Date heard: **26/08/2004**
Datum gelewer: / Date delivered: **26/08/2004**

In die saak van:

**TIETIES, SAMUEL** Appellant

en

**DIE STAAT** **Respondent**

*Coram: Lacock R et Musi WnR*

---

**UITSPRAAK OP APPÉL**

---

**LACOCK R:**

1] Die appellant het op 15 Desember 1999 in die Distrikshof te Upington, skuldig gepleit op ‘n aanklag van huisbraak met die opset om te steel en diefstal. Dit was hom ten laste gelÍ dat hy op 18 September 1999 en te of naby die hoek van Mark- en Bassonstraat, Upington, die woning van ene Hendrik Heyman

oopgebreek en binnegegaan het met die opset om goedere daarin te steel, en dat hy toe en daar wederegtelik ‘n reeks goedere wat aangegee is op ‘n bylae tot die klagstaat, gesteel het. In die ondervraging gehou kragtens art 112 van die Strafproseswet van 1977, het die appellant slegs erken dat hy ‘n vuurwapen aldus gesteel het. Die Staat het nie hierdie pleit soos aangebied, aanvaar nie, en is die saak uitgestel vir verhoor. Vir redes wat vir doeleindes van hierdie uitspraak ontersaaklik is, is die appellant eers op 20 November 2001 skuldig bevind aan huisbraak met die opset om te steel en die diefstal van ‘n vuurwapen ter waarde van R5 000.00.

[11] Na sy skuldigbevinding en nadat sy vorige veroordelings aan die lig gekom het, is die appellant vir vonnis na die Streekhof verwys.

[12] Op 18 Desember 2001 het die appellant in die Streekhof verskyn, en is hy deur die Streekhoflanddros kragtens die voorskrifte van art 286 van die Strafproseswet van 1977 tot ‘n gewoontemisdadiger verklaar.

2] Die applikant doen nou eerstens aansoek vir kondonasie vir die laat liassering en voortsetting van sy appél.

Indien daar enige vooruitsigte op sukses in sy appél was, sou

ek waarskynlik kondonasie soos versoek toegestaan het.

3] Vervolgens handel ek met die meriete van die appél.

4] Tydens vonnisoplegging was die appellant regsverteenwoordig deur ‘n prokureur. Dit blyk uit die oorkonde dat laasgenoemde die persoonlike omstandighede van die appellant volledig voor die Hof geplaas het.

Voorts blyk dit uit die oorkonde dat die Verhoorlanddros die persoonlike omstandighede van die appellant volledig en behoorlik oorweeg het tydens vonnisoplegging.

5] Dit blyk ook dat die Verhoorlanddros behoorlik oorweging geskenk het aan die aard en erns van die misdryf wat die appellant gepleeg het, asook die belange van die gemeenskap.

Myns insiens kan nie gesÍ word dat die Landdros hom in enige opsig wanvoorgelig of andersinds ‘n mistasting begaan het nie.

6] Die appél is ooglopend gemik teen die verklaring van die appellant as gewoontemisdadiger soos hierbo aangetoon. Die vraag ontstaan vervolgens of gesÍ kan word dat hierdie vonnis skokkend onvanpas is of, anders gestel, sodanig swaar is dat

gesĺ kan word dat geen redelike Hof ‘n soortgelyke vonnis sou oplĺ nie.

[61] Dit is geykte reg dat ‘n Hof van appél nie ligtelik inmeng met die diskresie uitoefening van ‘n Verhoorhof by die oplĺ van vonnis nie. Sien **S v M 1982 (1) SA 589 (A) te 592 G**.

[62] Art 286 (1) van die Strafproseswet, lees as volg:

> “Behoudens die bepalings van subartikel (2), kan 'n hoër hof of 'n streekhof wat 'n persoon aan een of meer misdrywe skuldig bevind, indien die hof oortuig is dat genoemde persoon uit gewoonte misdrywe pleeg en dat die gemeenskap teen hom beskerm behoort te word, hom 'n gewoontemisdadiger verklaar, in plaas van die oplegging van 'n ander straf vir die misdryf of misdrywe waaraan hy skuldig bevind word.”

Uit die bewoording van die artikel blyk dit dat ‘n Hof geoorloof is om sy diskresie kragtens hierdie artikel uit te oefen indien die Hof oortuig is dat die beskuldigde uit gewoonte misdrywe pleeg en dat die gemeenskap teen hom beskerm behoort te word.

[63] Dit is gesaghebbend in hierdie Hof neergelĺ dat dit nie nodig is vir ‘n Hof om ‘n ondersoek te onderneem na die aard van die vorige misdrywe waaraan ‘n persoon skuldig bevind is en soos blyk uit sy rekord van vorige veroordelings alvorens die Hof hom tot ‘n

gewoontemisdadiger kan verklaar nie. Sien **S v Stiff 2000 (2) SASV 430 (NK)**. Die Landdros was dus heeltemal geregverdig om hom te verlaat op die lys van vorige veroordelings van die appellant soos blyk uit sy kriminele rekord vir doeleindes van die oorweging van die vraag of hy hom tot ‘n gewoontemisdadiger moes verklaar.

[64] Die Landdros het korrek die vorige veroordelings van die appellant as volg opgesom:

> “Die klomp vorige veroordelings is letterlik, sonder dat ek dit oorbeklemtoon, soos ‘n meulsteen om u nek. U kom al vanaf 1987 op ‘n eentonige wyse voor die hof. Trouens, tussen 1987 en 1993, was u 14 keer skuldig bevind aan oneerlikheidsmisdrywe. En u was die gebruiklike ligte strawwe opgelÍ. ‘n Hou met ‘n ligte rotang vir ‘n heel paar kere vir huisbrake. In 1988 is u selfs na ‘n verbeteringshof gestuur … toevallig deur die streekshof … en toe was dit nou al die 6de *skuldig bevinding. Uiteindelik word u uitgeplaas, ‘n vergunnig op 28 Desember 1989. daardie vergunning het eers verstryk op 1 Januarie 1993, maar in 1990, toe is u alweer besig met diefstalle. Sommer 4 van hulle. By daardie geleenthede vonnis die hof vir u een en ‘n halwe jaar op elke aanklag … nou, daar was 4 aanklagte gewees … dit is 6 jaar tronkstraf. En die hof kom vir u verder tegemoet om te gelas dat 6 maande op elke aanklag moet saamloop. Met ander woorde, u kry toe 4 jaar tronkstraf. Twee word opgeskort. Daardie opgeskorte vonnisse is op 25 Februarie 1993 in werking gestel, want by daardie geleentheid, 1993, … en dit is nou nog binne die 4 jaar tydperk waarop u gevonnis was, nê … het u alweer heen gegaan en 6 klagtes van huisbraak*

> *gaan pleeg. Want dit was afsonderlike MAS nommers gewees. Die eerste drie huisbrake waarop u 6 jaar gekry het weer nadat die hof dit saam geneem het, weer nadat die hof vir u kans gegee het. Dit was 6 jaar gevangenisstraf en u was gewaarsku van die bepalings van art 286. Die hof het nog gelas dat die klagtes saam geneem word. Dit is op saak RC32/93.*
>
> *Dan is daar ook nog 'n ander MAS nommer. Uiteindelik laat hulle vir u vry op 22 Julie 1998. Toe was u darem ten minste vir so 5 jaar in aanhouding. U word op parool vrygelaat op 22 Julie 1998. Die parooltydperk verstyk op 4 Julie 1999, en op 18 September 1999 ... ek het netnou 'n fout gemaak toe ek gesê het dat u nog op parool was, die parool het darem net verstyk. Twee en 'n half maande nadat die parool verstyk het, toe pleeg u alweer die huidige huisbraak, en dit terwyl u gewerk het en terwyl u 'n inkomste gehad het. En terwyl u as 'n sekuriteitswag gewerk het."*

Hierdie reeks vorige veroordelings (veertien in totaal) van die appellant gepleeg oor 'n periode van ongeveer ses jaar, saamgeneem met die tersaaklike oortreding waarvoor hy tot gewoontemisdadiger verklaar is, is myns insiens aanduidend daarvan dat hy uit gewoonte misdrywe van hierdie aard pleeg. Die Landdros se bevinding hieraangaande het hy as volg formuleer:

> *"Ek is bevrees dat daar net een straf is wat hierdie hof kan oplê, en dit is nadat die hof bevind het dat u uit gewoonte misdade pleeg, ek het die hele sinario geskets. U het 'n klomp vorige veroordelings. 14 In 'n tydperk 6/7 jaar se tyd, alle*

> *toepaslike strawwe, tegemoedkomende strawwe, selfs die waarskuwing van verklaring tot 'n gewoontemisdadiger. En u het werk gekry, u het 'n goeie inkomste gehad en u gaan voort en u gaan breek in die nag in en u gaan steel 'n vuurwapen uit 'n kluis. Ek is bevrees dat die hof moet bevind dat u uit gewoonte misdade pleeg en dat u in daardie sin 'n gevaar vir die gemeenskap inhou."*

[65] Die verdere vraag wat beantwoording verg, is naamlik of die gemeenskap teen die appellant beskerm behoort te word.

Dat die appellant ooglopend geen respek het vir die goed van 'n ander nie, blyk duidelik uit sy reeks van vorige veroordelings. Myns insiens was die Landdros ook heeltemal geregverdig om in ag te neem dat die appellant in hierdie laaste misdryf wat hy gepleeg het, 'n vuurwapen gesteel het. Die hoeveelheid misdade wat gereeld gepleeg word met gesteelde vuurwapens, is wel bekend. Dat dit 'n gevaar nie alleen vir die goed van andere inhou nie, maar ook vir hul veiligheid en selfs lewens, spreek vanself.

Die appellant het ook reeds voor die pleeg van hierdie laaste misdryf, waarskuwing gehad dat, indien hy nie homself regruk nie, hy tot gewoontemisdadiger verklaar kan word. Hierdie waarskuwing het ooglopend geen effek op die appellant gehad nie, en het hy bloot voortgegaan met sy misdadige handelinge.

7] Uit hoofde van die voorgaande is ek van mening dat daar

geen vooruitsigte op sukses in die appél is nie.

Bygevolg word die volgende bevel verleen:

**DIE AANSOEK OM KONDONASIE WORD VAN DIE HAND GEWYS.**

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

CJ Musi
**WAARNEMENDE REGTER**

*Namens appellant:* In persoon

*Namens respondent:* Adv CG Jansen